# Suiderstrand-Vereniging

Notule van die komiteevergadering van 15 Augustus 2025
by Vleilaan 11, Suiderstrand

## 1. Opening

Die voorsitter het almal teenwoordig verwelkom.

### Bywoning

Teenwoordig

- Danie Schutte (Voorsitter)
- Tina du Plessis (Brandvoorkomingsbeampte)
- Matilda Bester (Bemarking en kommunikasie; assistent-sekretaris)
- Gawie du Toit (Ondervoorsitter)
- Willem Nel (Tesourier)

Apologie

- Gerrit Posthumus (Brandbestrydingsbeampte)
- Geoff Nichols (Bewaring)
- Johan Pienaar (Oud-sekretaris)

## 2. Notule van die vergadering van 2 Junie 2025

Eenparig goedgekeur.

## 3. Finansies

Die vereniging se finansiële jaar eindig op 31 Augustus, en die jaarlikse finansiële state moet daarna voorberei word. Carin Nel en Louis Lourens sal ná die jaareinde saam hieraan werk.

## 4. Inligtingsborde by parkeerterrein

Matilda het die borde laat druk en en hulle is reg om opgesit te word. Gerrit het goedgunstiglik aangebied om ook hierdie borde op te rig.

## 5. Staatnaamborde en ingangsbord

Daar is tot voor die vergadering reeds R7 200 se donasies vir hierdie projek ontvang. Daar word voorlopig 20 borde benodig, wat sowat R10 000 sal kos om te maak en op te rig. Matilda gaan nog ’n versoek vir verdere skenkings op *Praat Saam* plaas. Daar is voorheen besluit dat, as die volle bedrag nie deur skenkings ingevorder kan word nie, ’n maksimum van 20% van die koste uit die vereniging se reserwes verhaal kan word. Dus, as ’n verdere R800 nog ingesamel kan word, sal die begroting klop: R8 000 geskenk, en R2 000 uit die vereniging se reserwes. Hopelik sal die volle R10 000 deur skenkings ingevorder word.

Die verwelkomingsbord by die ingang, met steeds die gewraakte ‘welcome in’ daarop, sal ook reggemaak word wanneer die nuwe straatnaamborde gemaak word.

**6. Pierre se bord**

Pierre het beswaar gemaak teen die verwydering van die bord wat vroeër by die ingang tot die dorp was. Die bord is nie weggegooi nie, en Pierre kon dit terugkry. Matilda het genoem dat die bord verouderde inligting (bv. telefoonnommers) verstrek het, en dus nie meer sy doel gedien het nie.

Daar is besluit dat 'n paar nuwe borde gemaak sal word waarop motoriste gevra word om stadig en versigtig te ry, en op die uitkyk te wees vir diere. Die besluit oor die borde en oor die ontwerp daarvan en die inligting wat daarop sal verskyn, sal geneem word aan die hand van 'n meiningspeiling op *Praat Saam* en op epos.

**7. Parkforum**

Daar is besluit dat die vereniging op die Parkforum verteenwoordig moet word. Aansoekvorms was nie by die Park se bekendstellingsvergadering beskikbaar nie, maar ons sal aansoek doen sodra ons kan. Die voorsitter van die forum sal op die eerste vergadering gekies word, en dit is belangrik dat ons 'n sê het daarin.

**8. Suiderstrand-gidsboekie**

Die kwessie van helder buiteligte is weer geopper. Daar is voorgestel dat riglyne oor hierdie en ander kwessies saamgevat word in 'n boekie wat ook ander inligting bevat, byvoorbeeld 'n lys van plaaslike diensleweraars, getytabelle ens.

**9. Verdere sake**

*Lidmaatskap.* Klaas en Schalk het vroeër daarop gewys dat die kwessie van lidmaatskap en stemreg nie volledig en duidelik in die vereniging se grondwet uiteengesit word nie. Daar is besluit dat 'n vergadering gereël sal word waarby Klaas en Schalk teenwoordig is, om die saak uit te pluis. Daar kan dan besluit word of veranderinge aan die grondwet nodig is, en voorgestelde veranderinge kan dan later vanjaar aan die algemene jaarvergadering voorgelê word.

*Brandwaentjie.* Daar is nog geen vordering met 'n tuiste vir die brandwaentjie nie. Daar is besluit om voorstelle en vertoë aan die munisipaliteit te rig om so 'n tuiste op munisipale grond op te rig, met finansiële bydrae deur die vereniging, indien nodig. Moontlik plekke sluit in langs die watersuiweringsaanleg by die ingang van die dorp, by die Rasper-substasie, op die parkeerterrein, ens.

*Brandslange.* Twee brandslange is met dank van die Lugmagbasis Overberg ontvang, deur die gewaardeerde bemiddeling van Theo Fourie en Wessel Steyn.

*Begroting vir brandwaentjie.* Die brandwaentjie-mense sal op 27 Augustus vergader om 'n begroting vir die nuwe finansiële jaar voor te berei. Geen groot kapitaaluitgawes word voorsien nie.

*Verwelkomingsbriewe.* Die briewe is gedruk en beskikbaar om aan nuwe eienaars en intrekkers te gee.

*Naam vir R319.* Daar is besluit dat die gedeelte van die R319 vanaf die ingang na Suiderstrand tot by die T-aansluiting met Kampstraat gerus maar 'n naam kan kry. Danie het sedert die vergadering aan ons raadslid Dr Eksteen hieroor geskryf.

* * *